**JAN KRIELSKOOL: KIEWIETKOSHUIS HUISREËLS**

## 1. TYE

### 1.1 Dagrooster

| | |
|---|---|
| 6:20 – 6:55 | Opstaan, stort, skeer, aantrek, maak kamer aan die kant |
| 6:55 | Tree aan vir ontbyt in eetsaal |
| 7:00 – 7:25 | Ontbyt in eetsaal en medikasie |
| 7:30 – 7:40 | Verdaag vir skool. Koshuisdeure sluit om 7:40 |
| | |
| 7:45 – 14:15<br>7:45 – 13:15 | Skool - Maandae tot Donderdae<br>Skool – Vrydae<br>***Geen leerder word in koshuis toegelaat sonder skriftelike verlof van Skoolhoof, Adjunkhoof of Koshuisvader nie.*** |
| 14:30<br>13:30 | Maandae tot Donderdae : Middagete in eetsaal<br>Vrydae : Middagete in eetsaal |
| 15:15 – 16:15 | Maandae tot Donderdae<br>Studie in studiesaal |
| 16:15 – 17:15 | Slegs Woensdae<br>Dorp toe (met toestemmingkaart / brief) |
| 16:00 – 17:30 | Ontspanning en Gim (verkieslik buite) |
| 17:45 | Tree aan vir AANDETE in eetsaal |
| 17:50 – 18:20 | Aandete in eetsaal |
| 19:00 – 19:45 | Studie in studiesaal |
| 19:45 – 20:00 | Studiepouse en medikasie |
| 20:00 – 20:30 | Ekstra Studie (volgens behoefte) |
| 20:05 | Tee |
| 20:30 | Skoonmaak en opruiming |
| 20:50 – 21:00 | Stiltetyd |
| 22:00 | Selfone en Laptops inhandig |
| 22:30 | Ligte uit (Seniors) |
| | |

| VERANDERINGE TYDENS EKSAMENS | | | |
|---|---|---|---|
| Middagete: | 13:00 | Middagstudie: | 14:00 – 14:45; break; 15:00 – 15:30 |
| Aandete: | 17:30 | Aandstudie: | 19:00 – 19:45; break; 20:00 – 20:30 |

**Naweektye en reëlings**
**Sluitingstye:** Die koshuis sluit Vrydae om 18:00 vir die naweek.

**Inkomtye:** Sondae: 17:00 tot 19:00 (5:00 nm tot 7:00 nm); Maandae: voor 7:20.

1.2.3 Alle naweekreëlings moet teen Woensdae klaar getref wees.
1.2.4 ‘n Verantwoordelike volwasse persoon wat deur die ouers skriftelik afgevaardig is, moet die leerder uitteken voordat hy die koshuis kan verlaat.

**1.3 Afwyking van normale tye**

1.3.1 **Eksamens**: Meer studiesessies sal tydens eksamentye ingepas word.

1.3.2 Sport en ander uitstappies: Reëlings moet vooraf met huismoeder en die kombuis getref word, veral ten opsigte van etes.

## 2. ALGEMENE REËLS

**2.1 Gedrag**

2.1.1 Goue reël: Leerders praat en tree altyd **hoflik en respekvol** teenoor personeel en medeleerders op.

2.1.3 Afknouery, bakleiery, rassistiese of neerhalende opmerkings en vuiltaal word ten sterkste veroordeel en sal nie geduld word nie.

2.1.4 Geen balspelery word in die koshuiskamers en gang toegelaat nie; ook geen hardlopery in gange nie.

2.1.5 Harde musiek en geraas wat ‘n steurnis vir ander is, word nie toegelaat nie.

2.1.6 Leerders moet te alle tye sindelik geklee wees wanneer hulle na die kantoor kom, na die eetsaal gaan en die koshuis verlaat.

2.1.7 Geen seksuele teistering of speletjies word toegelaat nie.

2.1.8 Geen porngrafiese of selfs gewaagde materiaal word toegelaat nie.

2.1.9 Geen hardlopery word binne die koshuis toegelaat nie.

**2.2 Netheid**

2.2.1 Persoonlik: Leerders moet let op hul persoonlike versorging en higiëne. Gebruik die vasgestelde tye om te gaan stort.

2.2.2 Koshuis: Hou kamers, kaste, lessenaars, gange en ontspanningsareas te alle tye skoon en ordelik. Moenie klere en items laat rondlê nie.

2.2.3 Skoonmaak: Die dagrooster maak voorsiening vir ‘n tydgleuf waar leerders help met skoonmaak van kamers en ander areas in en om die koshuis.

**2.3 Persoonlike besittings**

2.3.1 Alle persoonlike besittings moet duidelik met die leerders se naam **gemerk** wees.

2.3.2 Leerders moet slegs die nodige items na die koshuis bring.

2.3.3 Duursame items, soos selfone, CD-spelers, duur sporttoerusting en ander elektroniese items moet aan die koshuismoeder verklaar word op die voorgeskrewe aansoekvorm en te alle tye in die leerder se kas of die kantoorkluis toegesluit wees wanneer dit nie gebruik word nie**. Toestemming berus by die koshuisvader. ‘n Nuwe vorm moet elke kwartaal voltooi en ingedien word.**

2.3.4 Die koshuispersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade aan of verlies van persoonlike items nie.

**2.3.5 Duplikaatsleutels van kaste en selfoonkassies moet by die kantoor ingehandig word.**

**2.4 Studietye**

2.4.1 Wanneer die klok (5 minute voor die tyd) lui, moet leerders hul boeke en alles wat nodig is, gereed kry vir studie.

2.4.2 Leerders moet stiptelik aanmeld in die studielokaal. Indien ‘n leerder laat is, of om die een of ander rede ‘n sessie mis, moet hy dit op die dieselfde dag inhaal.

2.4.3 Tuiswerkboeke moet te alle tye tydens studie op die leerder se lessenaar wees vir kontrole.

2.4.4 Alle leerders in gr. 9 tot 11 studeer in die studiesaal. Graad 12-leerders studeer in Die Mol.
2.4.5 In uitsonderlike gevalle mag sekere leerders op aanbeveling van 'n sielkundige, ‘n mediese persoon en/of die koshuishoof in hul kamers studeer.
2.4.6 Geen steurnisse, soos selfone of ontoepaslike gesprekvoering, tydens studietyd sal geduld word nie.
2.4.7 Leerders mag nie na musiek in die studiesaal luister nie.
2.4.8 Die toesigkrag aan diens is in beheer van orde; help waar nodig en maak aanpassings soos wat nodig geag word.

**2.5 Stiltetye (20:55 – 21:10)**
2.5.1 Stiltetyd is gemik op Godsdiensbeoefening.
2.5.2 Algehele stilte moet tydens stiltetyd heers.
2.5.3 Leerders mag as ‘n groep Bybellees en bid; solank dit nie steurend is vir ander nie.

**2.6 Selfoonbeleid**
2.6.1 Selfone moet tydens studietyd, etenstyd en stiltetyd afgeskakel wees. ***(Dit mag nie tydens studietyd en stiltetyd gebruik word nie.)***
2.6.2 Selfone moet voor 07:30 (vir skoolure) en voor slapenstyd (21:45) afgeskakel en in sluitkassies weggesluit word.
2.6.3 Die koshuis aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat gesteel word nie.
2.6.4 Indien leerders selfoonreëls oortree, mag die toesigkrag aan diens die selfoon konfiskeer (inneem) en vir ‘n minimum van 3 dae in die kluis laat toesluit.

**2.7 Rook-, alkohol en dwelmbeleid**
2.7.1 Rokery, die gebruik van alkoholiese drank en dwelms word ten sterkste in en om die koshuis en skoolterrein verbied.
2.7.2 Indien leerders in die besit van enige verbode middels betrap word, sal dit onmiddellik gekonfiskeer word en die nodige dissiplinêre optrede sal volg.
2.7.3 Die besit van alkoholiese drank en dwelms of vermoedens daaromtrent moet onmiddellik onder die aandag van die toesigkrag gebring word wat dit dan so gou moonlik aan die koshuishoof en oorhoofse toesigkrag sal rapporteer.

**2.8 Sosialisering en ontspanning**
2.8.1 Die Mol: Alle binnenshuise ontspanning vind hier plaas.
2.8.2 In Die Mol word daar voorsiening gemaak vir die volgende aktiwiteite: TV- en video/DVD kyk, *Playstation*, tafeltennis en snoeker.
2.8.3 Die TV in die studiesaal word uitsluitlik (alleenlik) gebruik vir TV kyk.
2.8.4 Aparatuur word in die kantoor gehou en moet by die huismoeder uit- en ingeteken word deur die persoon wat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.
2.8.5 Brekasies moet onmiddellik by die kantoor aangemeld en deur die huismoeder aangeteken word.
2.8.6 Leerders wat aparatuur breek, sal skadevergoeding moet betaal.
2.8.7 Ander buitemuurse ontspanningsareas: binnehof van koshuis, sokkerveld, rugbyveld, krieketnette en swembad (slegs in die somer).
2.8.8 Leerders mag slegs na die swembad gaan onder toesig van die toesigkrag.
2.8.9 Koshuisprefekte help met toesig in die ontspanningsareas.

**2.9 Spesiale toestemming / vergunnings**

2.9.1 Leerders kry vergunning om EEN keer per week (Woensdae) dorp toe te gaan tussen 16:00 en 17:00.

2.9.2 Toestemming vir alle spesiale vergunnings geskied d.m.v. ‘n toestemmingskaart of briefie wat leerders by hulle dra totdat hulle terug is in die koshuis.

2.9.3 Leerders wat aan buitesport en ander aktiwiteite deelneem en dus op sekere tye die koshuis moet verlaat, moet ‘n toestemmingsbrief onderteken deur hul ouers / voog en skoolhoof by die koshuis inlewer. **Hierdie toestemmingsbrief moet elke kwartaal hernu word.**

**2.10 Hantering en aanmelding van beserings en siekte**

2.10.1 Leerders wat beserings opgedoen het of siek is moet dit onmiddellik onder die aan dag van die huismoeder bring.

**2.11 Wasgoed**

2.11.1 Leerders moet elke naweek hul vuil klere huis toe neem sodat dit gewas kan word.

2.11.2 In uitsonderlike gevalle kan ouers ‘n reëling tref dat leerders se wasgoed by die washuis gewas word. Die ouers sal dan verantwoordelik wees vir die koste.

| | | |
|---|---|---|
| _____ | _____ | _____ |
| Skoolhoof | Koshuisvader | Datum |